Geroep om te dien

Hulp uit die Skrif vir versorgers

Geroep om te dien

Hulp uit die Skrif vir versorgers

bybelgenootskap
van suid-afrika

GEROEP OM TE DIEN

Eerste digitale uitgawe 2013

Kopiereghouer van hierdie publikasie: © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2013

Bybelteks: © 1983-vertaling

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1975, 1979, 1983

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

ISBN 978-0-7982-1730-9 (Epub)
ISBN 978-0-7982-1731-6 (Mobi)
ISBN 978-0-7982-1732-3 (PDF)

Inhoud

	Inleiding	4
1	Versorging as ’n roeping	5
2	Versorging as navolging van die belangrikste gebod	7
3	God is die bron van alle versorging	9
4	Die gewonde geneser	11
5	Houding	13
6	Bemoediging uit die Skrif	14
7	Die Heilige Gees en jou versorging van mense	15
8	Die gawe van versorging	16
9	Die beloning vir versorging	17
10	Versorgers is geseënd	19
11	Versorging en verhoudings	21
12	Uitbranding by versorgers	23
13	Tyd om jou los te maak en aan te beweeg	25
14	Herstel van versorgers	27
15	Deursettingsvermoë	28
16	Negatiewe reaksie teenoor jou werk	29
17	Skuld en vergifnis	30
18	Om lyding te aanskou	32
19	Om deur lyding te groei	36
20	Vreugde en vrede	37
21	Gebed	38
22	Getrouheid	40
23	Wysheid	41
24	Veilig in God se teenwoordigheid	43
25	Uitnodiging om by God tot rus te kom	45
26	Gedagtes	47
27	Handves vir versorgers	48
28	Gebed vir versorgers	49
29	Liefde bo alles	50
30	Blik op die ewigheid	53

Inleiding

Die versorging van mense is 'n baie bevredigende roeping wat jou as versorger diep kan raak en 'n ander dimensie aan jou lewe kan gee. Dit kan egter ook uitputtend wees aangesien ons met soveel siekte en lyding gekonfronteer word, bv. mense met MIV/vigs, kankerlyers, bejaardes en mense wat terminaal siek is. Die Woord van God bied hoop, bemoediging en perspektief aan jou as versorger. Ons vertrou dat hierdie Skrifgedeeltes jou sal aanmoedig om geestelik te groei en in die proses jou eie geloof te verdiep. Die lewegewende woorde is van toepassing op versorgers uit alle oorde, van gewone mense wat 'n familielid versorg, tot ongeskoolde en professionele werkers sowel as opgeleide raadgewers en terapeute wat ondersteuning en berading gee.

Hierdie boekie bevat dertig temas met toepaslike Skrifgedeeltes wat verskillende aspekte van versorging belig. Elke tema word afgesluit met vrae vir nadenke wat jou sal help om die Skrif te bestudeer en die boodskap op jou lewe en jou taak as versorger toe te pas. Jy kan een tema per dag lees en die boekie as 'n reeks oordenkings gebruik vir een maand of dit kan weekliks by groepbesprekings soos byvoorbeeld gebedsbyeenkomste vir versorgers by die instansie waar jy werksaam is, gebruik word.

Mag jou versorging van ander 'n kanaal wees vir God se liefde en medelye.

Versorging as ’n roeping

Deur die Heilige Gees het Christus die Goeie Nuus aan die verdruktes, die gebrokenes van hart, gevangenes en dié wat treur, verkondig.

Die Gees van die Here my God het oor my gekom;
die Here het my gesalf
om ’n blye boodskap te bring
    aan die mense in nood,
Hy het my gestuur
    om dié wat moedeloos is, op te beur,
om vir die gevangenes
    vrylating aan te kondig,
vryheid vir dié wat opgesluit is,
om aan te kondig dat die tyd gekom het
waarop die Here genade betoon,
die dag waarop ons God sy vyande straf
maar almal wat treur, vertroos,
die dag waarop Hy
    vir dié in Sion wat treur,
eer gee in plaas van smart,
vreugde in plaas van droefheid,
blydskap in plaas van hartseer.
Hulle sal genoem word:
    Bome van Redding.
Die Here het hulle geplant
    om sy roem te vermeerder.
Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou,
plekke herbou wat lankal verlate lê,
hulle sal verwoeste stede weer opbou,
plekke wat geslagte lank verlate lê.

Jesaja 61:1-4

Christus doen ’n beroep ook op ons om ’n helpende hand te reik aan diegene in nood.

Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.

Galasiërs 6:2

Vir verdere nabetragting:

- Hoe het God jou geroep tot ’n versorgingsbediening?
- Maak ’n lys van maniere waarop jy bogenoemde Skrifverwysings kan toepas op die tipe versorging wat jy doen.
- Hoe kan jy jou roeping as versorger herbevestig?

Persoonlike aantekeninge:

Versorging as navolging van die belangrikste gebod

Die belangrikste gebod gaan oor die liefde – liefde vir God en liefde vir ons naaste.

Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel grootste gebod?"

Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."

Markus 12:28-31

Jesus het die belangrikste gebod verduidelik aan die hand van hierdie verhaal waar iemand 'n persoon in nood help en versorg:

Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"

Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?"

Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

"Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry."

Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?"

Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom

sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.'

"Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"

Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het."

Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

Lukas 10:25-37

Vir verdere nabetragting:

- Maak 'n lysie van maniere waar versorging neerkom op die uitleef van die belangrikste gebod.
- Die Samaritane is deur die Jode verafsku. In hierdie gelykenis van Jesus help 'n Samaritaan 'n gewonde Jood. Wat beteken dit vir jou as versorger?
- Wat kan jy doen om die geestelike betekenis van die versorging wat jy in jou navolging van die belangrikste gebod bied, te verdiep?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

God is die bron van alle versorging

Versorging beteken om te vertroos – om jou daarop toe te lê om ’n ander se lyding fisiek, emosioneel of geestelik te verlig. Die Bybel gee baie aandag hieraan, en veral aan God wat sy mense vertroos, of iemand opdrag gee om hulle te vertroos.

Die uitkoms is hier!
Die uitkoms is hier!
Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê.
Bring vir Jerusalem die goeie tyding,
sê vir hom
sy swaarkry is verby,
hy het geboet vir sy sonde,
hy het van die Here die volle straf ontvang
vir al sy sondes.

Jesaja 40:1-2

Jubel, hemel! Juig, aarde!
Sing vrolik, berge!
Die Here het vir sy volk uitkoms gegee,
Hy het Hom ontferm oor sy volk
wat in nood was.

Sion sê: “Die Here het my verlaat,
die Here het my vergeet.”

Kan ’n vrou haar eie baba vergeet,
haar nie ontferm oor die kind
wat sy in die wêreld gebring het nie?
Selfs al sou so iets kon gebeur,
Ek sal jou nie vergeet nie.
Ek het jou naam
in my handpalms gegraveer,
Ek sien jou mure altyd voor my.
Jou kinders kom binnekort,
en dié wat jou verwoes en verniel het,
sal uit jou uit padgee.

Kyk rondom jou en sien wat gebeur,
al jou kinders kom bymekaar
en hulle kom na jou toe.

So seker as Ek lewe, sê die Here,
jy sal oor hulle so bly wees
soos 'n vrou oor halssnoere,
soos 'n bruid oor haar juwele.

Jesaja 49:13-18

In sy tweede brief aan die kerk in Korinte verduidelik die apostel Paulus waar ons troos vandaan kom asook ons vermoë om ander te vertroos.

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus. As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur. En wat julle betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het.

2 Korintiërs 1:3-7

Vir verdere nabetragting:

- Het jy al ooit gewonder hoe jy kan voortgaan om versorging te bied wanneer jou liggaamlike en geestelike krag totaal uitgeput is? Onthou jy tye soos hierdie toe God jou vertroos en in staat gestel het om voort te gaan om vertroosting te bied aan diegene wat jy versorg?
- Maak 'n lysie van dinge wat jou daaraan kan herinner dat God uiteindelik die bron van alle vertroosting is.
- Hoe kan jy God se liefde deel in jou versorging van mense?

Die gewonde geneser

In Jesaja se profesie oor die lydende dienskneg van God lees ons hierdie ontroerende beskrywing van die gewonde dienskneg wat ander genees ten spyte van sy eie pyn en lyding.

Die dienaar was soos ’n loot
    wat voor die Here uitspruit,
soos ’n plant wat wortel skiet
    in droë grond.
Hy het nie skoonheid of prag gehad
dat ons na hom sou kyk nie,
nie die voorkoms dat ons
    van hom sou hou nie.
Hy was verag en deur mense verstoot,
’n man van lyding
    wat pyn geken het,
iemand vir wie die mense
    die gesig wegdraai.
Hy was verag,
    ons het hom nie gereken nie.

Tog het hy óns lyding
    op hom geneem,
óns siektes het hy gedra.
Maar ons het hom beskou
    as een wat gestraf word,
wat deur God geslaan
    en gepynig word.
Oor óns oortredings is hy deurboor,
oor óns sondes is hy verbrysel;
die straf wat vir ons vrede moes bring,
    was op hom,
deur sý wonde
    het daar vir ons genesing gekom.

Jesaja 53:2-5

Vir verdere nabetragting:

- Kan jy jou vereenselwig met die “gewonde geneser” in jou versorging van mense?
- Is jy al as ’n versorger “gewond”?
- Indien wel, op watter manier dink jy kan die “gewonde geneser” jou genees?

Persoonlike aantekeninge:

Houding

As Christene is daar ’n appèl op ons om dieselfde houding as Jesus aan die dag te lê.

Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

Hy wat in die gestalte van God was,
het sy bestaan op Godgelyke wyse
nie beskou as iets waaraan Hy Hom
moes vasklem nie,
maar Hy het Homself verneder
deur die gestalte van ’n slaaf
aan te neem
en aan mense gelyk te word.

En toe Hy as mens verskyn het,
het Hy Homself verder verneder.
Hy was gehoorsaam tot in die dood,
ja, die dood aan die kruis.

Daarom het God Hom
ook tot die hoogste eer verhef
en Hom die Naam gegee
wat bo elke naam is,
sodat in die Naam van Jesus
elkeen wat in die hemel
en op die aarde
en onder die aarde is,
die knie sou buig,
en elke tong sou erken:
“Jesus Christus is Here!”
tot eer van God die Vader.

Filippense 2:5-11

Vir verdere nabetragting:

- Wat leer ons oor Jesus se benadering uit hierdie gedeelte?
- Maak ’n lysie van maniere waarop jy “soos Jesus kan dink” in jou versorging van mense.

Bemoediging uit die Skrif

Die Bybel bevat talle woorde van bemoediging aan dié wat daarvoor gaan soek. Na Moses se dood praat God met Josua vir wie Hy gekies het om die Israeliete in die beloofde land Kanaän in te lei. In die volgende gedeelte lees ons God se woorde van bemoediging aan Josua:

"Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

"Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

Josua 1:6-9

Op dieselfde manier skryf die apostel Paulus: "Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees" (Romeine 15:4).

Vir verdere nabetragting:

- Onthou jy 'n tyd toe jy deur die Skrif bemoedig is?
- Na aanleiding van wat God aan Josua gesê het, hoe skakel gehoorsaamheid met die bemoediging wat die Bybel ons bied?
- Watter rol kan die Bybel speel om jou "sterk en vasberade" te maak in jou versorging van mense?

Die Heilige Gees en jou versorging van mense

Jesus het sy dissipels belowe dat die Vader die Heilige Gees aan hulle sou stuur:

"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

"Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.

"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."

Johannes 14:15-21

Vir verdere nabetragting:

- Maak 'n lysie van die maniere waarop die Heilige Gees jou in jou bediening as versorger kan help.
- Kan jy aan 'n tyd dink toe jy daarvan bewus was dat die Heilige Gees jou in jou versorging van mense bygestaan het?
- Hoe kan jy meer ontvanklik wees vir die leiding van die Heilige Gees in jou versorgingswerk?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

Die gawe van versorging

Ons het reeds genoem dat versorging 'n roeping is. Die Bybel leer ons dat God mense toerus met geestelike gawes en vermoëns om hulle in staat te stel om hulle roeping te vervul.

Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Romeine 12:3-8

Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

2 Timoteus 1:6-7

Vir verdere nabetragting:

- Herken jy enige van die gawes wat in die Bybel genoem word in jou eie lewe? Indien wel, watter?
- Tot wie se voordeel het jy hierdie gawe of gawes ontvang?
- Hoe kan jy ten volle gebruik maak van die gawe wat God jou gee?
- Is jy soms bang om jou gawe of gawes uit te leef? Watter bemoediging vind jy in die tweede Skrifgedeelte?

Die beloning vir versorging

Toe Jesus gepraat het van die oordeelsdag waarop Hy die mense van alle nasies sou oordeel, het Hy ook gepraat oor die beloning wat dié wat siekes versorg het, toekom.

"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

"Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.' Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.' En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

Matteus 25:31-46

Vir verdere nabetragting:

- Watter beloning sal dié wat die Here behaag ontvang deur o.a. die siekes te versorg? Hoekom sal hulle op hierdie wyse beloon word?
- Wat beteken dit vir jou om "die koninkryk [wat] van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei [is]" te ontvang?
- Jesus sê dat wat jy ook al vir enige van sy mense doen, doen jy vir Hom, al lyk dit hoe gering. Hoe beïnvloed die feit dat jy dit weet jou versorging van mense?
- Watter beloning (fisiek, emosioneel, verhoudingsgewys en geestelik) het jy alreeds deur jou werk as versorger ontvang?

Persoonlike aantekeninge:

Versorgers is geseënd

Uit die die Skrif leer ons dat God dié wat ander versorg, seën.

Dit gaan goed met die mens
wat omsien na die swakke.
Die Here sal hom red
op die dag van nood,
die Here sal hom beskerm
en in die lewe hou;
die hele land sal praat
oor hoe goed dit met hom gaan.
U sal hom nie uitlewer aan die wraaksug
van sy vyande nie.
Die Here sal hom bystaan in sy siekte.
As hy siek is, sal U hom genees.

Psalm 41:2-4

Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer en gesê:

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik
hulle van God is,
want aan hulle behoort
die koninkryk van die hemel.
Geseënd is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.
Geseënd is die sagmoediges,
want hulle sal die nuwe aarde ontvang.
Geseënd is dié wat honger en dors
na wat reg is,
want hulle sal versadig word.
Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Geseënd is dié wat rein van hart is,
want hulle sal God sien.
Geseënd is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God genoem word.

Geseënd is dié wat vervolg word
omdat hulle doen wat reg is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

"Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."

Matteus 5:1b-12

Vir verdere nabetragting:

- Wat dink jy beteken dit wanneer die Bybel sê God seën iemand?
- Jesus sê: "Geseënd is dié wat barmhartig is." Na watter spesiale seëning verwys Hy vir sulke mense? Hoe is dit van toepassing op versorging?
- Maak 'n lysie van ander maniere waarop jy as 'n versorger God se seën kan ervaar.

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Versorging en verhoudings

In 'n gebroke wêreld werk verhoudings soms nie uit soos ons gehoop het nie. In Handelinge lees ons van Barnabas wie se naam "iemand wat mense moed inpraat" beteken (Handelinge 4:36). Dis hy wat vir Paulus (toe nog Saulus) onder sy vlerk geneem het aan die begin van sy bediening:

Barnabas het hom egter oor Saulus ontferm en hom na die apostels toe gebring. Hy het vir hulle vertel hoe Saulus op die pad die Here gesien het en dat die Here met hom gepraat het, en hoe hy in Damaskus openlik in die Naam van Jesus gepreek het.

Handelinge 9:27

Later lees ons hoe hulle paaie geskei het:

'n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: "Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het."

Barnabas wou vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamneem. Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie. Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met 'n skip na Siprus toe vertrek. Paulus het vir Silas gekies en vertrek, nadat hulle deur die gelowiges aan die genade van die Here toevertrou is.

Handelinge 15:36-40

Die Bybel doen egter 'n beroep op ons om ons bes te doen om verhoudings in 'n gees van liefde te herstel.

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet

julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee.

Kolossense 3:12-15a

Vir verdere nabetragting:

- Watter verhoudings het die grootste invloed op jou sorggewing?
- Het iemand jou al ooit onder sy of haar vlerk geneem soos Barnabas met Paulus gedoen het? Is daar iemand – dalk 'n medeversorger – wat hulp nodig het en wat jy onder jou vlerk kan neem?
- Watter riglyne vir gesonde verhoudings kan ons uit die Bybel neem?
- Is daar enige verhoudings wat jy moet herstel? Is daar iemand wat jy moet vergewe?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Uitbranding by versorgers

Die Skrif verstaan dat elkeen van ons soms aan die einde van ons kragte kom en lus voel om tou op te gooi soos Elia gedoen het toe die bose koningin Isebel hom met die dood gedreig het. In tye soos hierdie het ons die versekering dat God verstaan, dat Hy ons genadig is en ons kragte sal herstel.

Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."

Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: "Word wakker! Eet!"

Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: "Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word."

Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte loop tot by Horeb, die berg van God.

1 Konings 19:3-8

Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

Hebreërs 4:14-16

Vir verdere nabetragting:

- Het jy al ooit gevoel asof jy aan uitbranding ly? Of het jy reeds uitbranding ervaar? Wat was die oorsaak?
- Hoe kan jy jou teen uitbranding bestand maak?
- Jesus verstaan jou swaarkry en jou stryd. Wat kan jy vandag aan sy voete lê?

Persoonlike aantekeninge:

Tyd om jou los te maak en aan te beweeg

Uit die Skrif leer ons dat dit wys is om te weet wanneer om te omhels en wanneer om afskeid te neem, wanneer om aan te hou soek, en wanneer om te aanvaar dat iets verlore is, wanneer om vas te hou en wanneer om te laat gaan.

Elke ding het sy vaste tyd,
elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:
daar is 'n tyd om gebore te word,
    'n tyd om te sterwe,
'n tyd om te plant,
    'n tyd om plante uit te trek,
'n tyd om 'n lewe te neem,
    'n tyd om 'n lewe te red,
'n tyd om af te breek,
    'n tyd om te bou,
'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,
'n tyd om te treur,
    'n tyd om van blydskap te dans,
'n tyd om klippe weg te gooi,
    'n tyd om hulle bymekaar te maak,
'n tyd om te omhels,
    'n tyd om weg te bly van omhelsing af,
'n tyd om aan te skaf,
    'n tyd om te laat wegraak,
'n tyd om te spaar,
    'n tyd om weg te gooi,
'n tyd om te skeur,
    'n tyd om toe te werk,
'n tyd om stil te bly,
    'n tyd om te praat,
'n tyd om lief te hê,
    'n tyd om te haat,
'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede.
Wat kry die mens vir die werk
    waarmee hy hom vermoei?

Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou. God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie. Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.

Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is:

jy kan daar niks byvoeg nie
en jy kan daar niks van wegneem nie.
God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê.

Prediker 3:1-14

Vir verdere nabetragting:

- Wat beteken hierdie Skrifgedeelte vir jou in terme van versorging?
- Wat was jou ervaring van "'n tyd om te sterwe ... om te huil," of om afskeid te neem? Hoe het jy dit hanteer?
- Is daar dinge waarvan jy jou moet losmaak om aan te beweeg? Wat dink jy is die beste manier om dit te doen?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Herstel van versorgers

Ons almal ervaar tye wanneer ons moeg is, maar God belowe ons in sy Woord dat Hy ons nuwe krag sal gee.

Waarom sê jy dan, Jakob,
waarom kla jy, Israel:
"Die Here sien nie raak
wat van my word nie,
my reg gaan by my God verby"?
Weet jy dan nie,
het jy nog nie gehoor nie?
Die Here is die ewige God,
Skepper van die hele aarde.
Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie
en sy insig is ondeurgrondelik.
Hy gee die vermoeides krag,
Hy versterk dié wat nie meer kan nie.
Selfs jongmanne word moeg
en raak afgemat,
selfs manne in hulle fleur
struikel en val,
maar dié wat op die Here vertrou,
kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke,
hulle hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie afgemat nie.

Jesaja 40:27-31

Vir verdere nabetragting:

- Kan jy aan 'n tyd dink toe jy gevoel het soos die mense van Israel, toe dit gelyk het asof God nie van jou bewus is nie en dat Hy nie omgee wat van jou word nie? Hoe het jy deur daardie tyd gekom?
- In watter aspekte van jou versorging het jy nuwe krag nodig?
- Wat leer ons uit die Skrif oor God se reaksie teenoor diegene wat moeg en uitgeput is?
- Wat moet jy doen om hierdie belofte van herstel vir jou toe te eien?

Deursettingsvermoë

Die Skrif moedig ons aan om aan te hou en nie tou op te gooi nie.

Terwyl ons dan so ’n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so ’n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Hebreërs 12:1-3

Vir verdere nabetragting:

- Die Bybel leer ons “volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop”. Wat beteken dit vir jou in jou versorging van mense?
- Maak ’n lys van die dinge wat jou van jou tyd beroof en waarvan jy ontslae moet raak.
- Hoe help dit jou in jou taak as versorger om jou oë op Jesus gerig te hou?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Negatiewe reaksie teenoor jou werk

Soms word jy gekonfronteer met mense wat nie goedkeur wat jy as versorger doen nie. Die Bybel gee ons riglyne oor hoe ons sulke konfrontasies kan hanteer.

Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is? Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as ’n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ’n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het. As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.

1 Petrus 3:13-17

Vir verdere nabetragting:

- Soms raak ons baie besorg oor wat mense van ons dink. Het jy al hiermee gesukkel? Watter invloed het dit op jou versorgingswerk gehad?
- Het jy al negatiewe reaksies op jou versorgingswerk gehad?
- Hoe kan jy negatiewe reaksies en optrede teenoor jou en jou versorgingswerk hanteer?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

Skuld en vergifnis

Ons maak almal van tyd tot tyd foute. Almal van ons het ook al onregverdige optrede teenoor ons ervaar.

Kom tog, laat ons die saak
    met mekaar uitmaak, sê die Here:
Al was julle skarlakenrooi van sonde,
julle sal wit word soos sneeu.
Al was julle purperrooi,
julle sal wit word soos wol.

Jesaja 1:18

Barmhartig en genadig is die Here,
lankmoedig en vol liefde.
Hy sal ons ons sonde nie bly toereken
en nie vir ewig toornig bly nie.
Hy handel met ons
    nie volgens ons sondes nie,
vergeld ons nie vir ons
    ongeregtighede nie,
want so groot as die afstand
    tussen hemel en aarde is,
so groot is sy liefde
    vir dié wat Hom dien.
So ver as die ooste van die weste af is,
so ver verwyder Hy ons oortredinge
    van ons af.

Psalm 103:8-12

"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe."

Matteus 5:23-24

As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van

Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

1 Johannes 1:6-9

Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Efesiërs 4:32

Vir verdere nabetragting:

- Waarom dink jy is vergifnis so ’n belangrike onderwerp in die Bybel?
- Is daar iemand wat jy moet vergewe?
- Is daar iemand vir wie jy om vergifnis moet vra (vir God of ander mense)?
- Moontlik het jy die behoefte om jouself te vergewe vir iets wat jy gedoen het?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Om lyding te aanskou

As versorger kom jy daagliks met lyding in aanraking: die lyding van diegene wat jy versorg, die hartseer van hul naasbestaandes en selfs jou eie pyn. Ons verstaan nie al die lyding wat ons rondom ons sien nie, en soms voel ons soos Job wat in sy lyding uitroep en probeer verstaan waarom sulke dinge met hom gebeur.

"Is 'n mens se lewe op aarde
nie maar harde arbeid nie,
en sy dae soos dié
van 'n dagloner nie?
Sy lewe is soos dié van 'n slaaf
wat smag na koelte,
soos dié van 'n dagloner
wat verlang na betaaltyd.
So bring ek my maande deur
met swaarkry,
my nagte is net smart.
As ek gaan slaap, dink ek:
wanneer kan ek opstaan?
Maar die nag sleep stadig verby
en ek rol rusteloos rond
tot dagbreek toe.
My liggaam is oortrek van wurms,
vol rowe en stof,
my vel is vol barste
en dit etter aanhoudend.
My dae loop vinnig
soos 'n wewerspoel,
die draad raak gou op.
Dink daaraan, o God, dat my lewe
maar net 'n asempie is;
ek sal nooit weer voorspoed
beleef nie.
Die oë wat my nou sien,
sal my nie weer sien nie:
U sal nog so na my kyk,
dan is ek nie meer daar nie.

Soos ’n wolk weggaan en verdwyn,
so gaan ’n mens dood
    en kom nie terug nie,
hy kom nooit terug
    na sy huis toe nie,
en sy plek is vir altyd leeg.

“Nee, ek kan nie stilbly nie,
in my beproewing wil ek praat,
in my bitter lyding wil ek kla.
Is ek dan die see dat U my
    aan bande wil lê,
of ’n seemonster
    dat U my laat bewaak?
As ek dink dat my bed my sal troos
of dat ek verligting van die pyn
    sal kry as ek lê,
dan verskrik U my in my drome,
en oorval U my met nagmerries,
sodat ek eerder verwurg
en dood sou wou wees as om te lewe.
Ek wil nie meer nie, ek sal tog nie
    vir altyd lewe nie;
laat my staan; my lewe is
    niks meer werd nie.

“Wat is die mens dat U soveel
    van hom maak,
dat U hom so op die hart dra,
dat U hom van dag tot dag toets,
hom van oomblik tot oomblik
    op die proef stel?
Wil U nie van my af wegkyk
en my ’n oomblikkie
    laat asem skep nie?
As ek gesondig het,
    wat kan ek teen U uitrig,
U wat die mens gedurig oppas?
Waarom het U my u teiken gemaak?
Waarom moet ek vir U ’n las wees?

Waarom vergewe U dan nie
my sonde
en vergeet wat ek
verkeerd gedoen het nie?
Binnekort sal ek in die graf lê,
U sal my soek,
maar ek sal nie meer lewe nie."

Job 7:1-21

Die Woord van God bied ook die hoop op uitkoms. In sy Woord leer Hy ons om lyding op 'n paslike wyse te hanteer.

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe:

"Dit is oor U dat die dood
ons dag vir dag bedreig,
dat ons soos slagskape
behandel word."

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Romeine 8:31-39

Vir verdere nabetragting:

- Hoe affekteer die aanskouing van soveel lyding jou as versorger? Hoe hanteer jy lyding op ’n deurlopende grondslag?
- Watter hoop kan jy bied aan diegene wat ly? Hoe help dit jou wanneer jy self lyding ervaar?

Persoonlike aantekeninge:

Om deur lyding te groei

Al wil ons dit nie graag hoor nie, is dit so dat ’n mens deur lyding groei ervaar. Die Bybel leer ons ook dat lyding help om karakter te bou.

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Romeine 5:1-5

Vir verdere nabetragting:

- Kan jy aan ’n keer dink toe jy deur lyding gevorm is?
- Bevind jy jou tans in ’n situasie waar jy lyding ervaar? Kan jy aan maniere dink waarop jy deur hierdie lyding kan groei?
- Noem maniere waarop die groei wat jy deur lyding ervaar het as ’n inspirasie dien vir ander, en veral vir diegene wat onder jou sorg is.

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

Vreugde en vrede

Ons lees in die Skrif waar ware vreugde en vrede ervaar kan word.

Jesus het gesê:

"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. "

Johannes 14:27

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Filippense 4:4-7

Vir verdere nabetragting:

- Wat is volgens jou die waarde van vrede en vreugde in die lewe van 'n versorger?
- Is daar enige veranderings wat jy moet maak om jou lewe in ooreenstemming te bring met die leer van hierdie Skrifgedeeltes?
- Kan jy aan 'n voorbeeld dink waar die vrede en vreugde wat van God kom jou in jou versorgingswerk gehelp het?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

Gebed

Gebed word beskryf as die asem van die Christelike lewe. Die Bybel plaas besondere klem op gebed.

Jesus het gesê:

"Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

"Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.

"So moet julle bid:

"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde geskied,
net soos in die hemel.
Gee ons vandag
ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons oortredings
soos ons ook dié vergewe
wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie
maar verlos ons van die Bose.

"As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."

Matteus 6:5-15

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense.

1 Timoteus 2:1

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

Romeine 8:26-28a

Vir verdere nabetraging:

- Noem maniere waarop die modelgebed wat Jesus ons geleer het van betekenis is vir versorgers.
- Watter rol speel gebed tans in jou versorgingswerk? Watter rol dink jy behoort dit te speel?
- Het jy al ooit die ondervinding gehad dat jy nie geweet het waarvoor jy moet bid nie, en dat die Gees jou te hulp gekom het in jou gebed "met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie"?
- Is daar iets wat jy op die oomblik het om aan God in gebed op te dra?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Getrouheid

Een van die belangrikste eienskappe van ’n versorger is getrouheid: getrouheid aan God sowel as aan ander. Lees hoe Paulus Timoteus aanmoedig om getrou te bly.

Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid. In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê. Voor God, wat aan alle dinge die lewe skenk, en voor Christus Jesus, wat teenoor Pontius Pilatus getuienis afgelê het van die goeie belydenis, beveel ek jou: “Voer jou opdrag stiptelik en onberispelik uit tot op die dag dat ons Here Jesus Christus kom.”

1 Timoteus 6:11b-14

Vir verdere nabetragting:

- Hoekom dink jy is getrouheid so belangrik vir ’n versorger?
- Watter effek kan ontrouheid aan God op jou werk as versorger hê? En wat van ontrouheid teenoor ander?
- Hoe kan jy seker maak dat jy getrou bly aan jou roeping as versorger?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Wysheid

Versorgers kom dikwels voor moeilike situasies en keuses te staan waar wysheid van die uiterste belang is.

Wysheid begin
met die dien van die Here;
wie die Heilige ken, het werklik insig.

Spreuke 9:10

Vertrou volkome op die Here
en moenie op jou eie insigte
staat maak nie.
Ken Hom in alles wat jy doen
en Hy sal jou die regte pad laat loop.
Moenie dink jy het die wysheid
in pag nie,
dien die Here en vermy wat sleg is:
dit is die geneesmiddel vir jou,
die verkwikking vir jou liggaam.

Spreuke 3:5-8

My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Maar ’n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So ’n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Jakobus 1:2-8

Vir verdere nabetragting:

- Sou jy saamstem met die stelling hierbo dat versorgers dikwels voor moeilike situasies en keuses te staan kom?
- Waar begin wysheid, volgens die Skrif?
- Kan jy aan ’n geleentheid dink waar jy wysheid en onderskeidingsvermoë nodig gehad het en jy dit van God ontvang het? Beskryf jou ervaring.

Persoonlike aantekeninge:

Veilig in God se teenwoordigheid

In hierdie lewe kan gevaar en tragedie ’n mens enige tyd sonder waarskuwing tref. Daarom is dit so gerusstellend om in die Bybel te lees van God se beskerming.

Hy wat by die Allerhoogste
    skuiling vind
en die beskerming van die Almagtige
    geniet,
hy sê vir die Here:
“U is my toevlug en my veilige vesting,
my God op wie ek vertrou.”

Dit is Hy wat jou
    uit die voëlvanger se wip hou
en jou bewaar van dodelike siekte.
Hy beskut jou onder sy vleuels
en is vir jou ’n veilige skuilplek.
Sy trou beskerm jou aan alle kante.
Jy hoef nie bang te wees
    vir gevaar in die nag
of vir aanvalle oordag,
vir pes wat in die donker toeslaan
of vir siekte wat helder oordag
    verwoesting saai nie.
Al val daar duisende langs jou,
tienduisende by jou,
vir jou sal niks tref nie.
Met jou eie oë sal jy sien
hoe die goddelose gestraf word.
Omdat jy die Here as skuilplek
    geneem het,
die Allerhoogste as jou beskermer,
sal geen onheil jou tref
en geen plaag naby jou woonplek
    kom nie.

Hy sal sy engele opdrag gee
om jou te beskerm
    waar jy ook al gaan.
Op hulle hande sal hulle jou dra,
sodat jy nie jou voet
    teen ‘n klip sal stamp nie.
Jy sal oor leeus en adders loop,
leeus en slange sal jy dood trap.

“Omdat hy My liefhet,
    sal Ek hom red,”
sê die Here,
“omdat hy My ken,
    sal Ek hom beskerm.
Wanneer hy My aanroep,
    sal Ek sy gebed verhoor;
in sy nood sal Ek by hom wees,
Ek sal hom red
    en hom in sy eer herstel.
’n Baie lang lewe sal Ek hom gee
en oor my hulp sal hy hom verbly.”

Psalm 91

Vir verdere nabetragting:

- As ’n versorger, ervaar jy soms die behoefte aan beskerming in jou werk? Indien wel, waarteen verlang jy beskerming?
- Is daar in hierdie Skrifgedeelte enige voorwaardes aan God se beskerming verbonde? Is daar van hulle wat jy in jou lewe moet inbou?
- Kan jy aan ’n situasie of situasies dink waar jy in die verlede God se beskerming ervaar het?
- Hoe kan sulke ervarings en die waarhede van Psalm 91 jou in jou huidige situasie tot hulp wees?

Uitnodiging om by God tot rus te kom

Om ’n versorger te wees, vra ontsettend baie van ’n mens; daarom is dit belangrik om te kan rus. Jesus nooi ons uit om rus by Hom te vind.

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”

Matteus 11:28-30

Net by God vind ek rus,
van Hom kom my redding.
Net Hy is my rots en my redding,
my veilige vesting,
    sodat ek vas en stewig staan.
Hoe lank wil julle almal nog
    beskuldigings bly slinger
en my probeer doodmaak,
’n man wat reeds is soos ’n muur
    wat wil omval,
’n klipmuur wat omgestoot word?
Hulle probeer my uitwerk;
hulle skep behae in leuens;
met die mond seën hulle,
in die hart vervloek hulle. Sela

Net by God vind ek rus,
want op Hom vertrou ek.
Net Hy is my rots en my redding,
my veilige vesting,
    sodat ek stewig staan.
God is my redding en my krag.
Hy is my rots, my sterkte,
God is my toevlug.

Vertrou altyd op Hom,
my volk,
stort julle hart voor Hom uit!
God is vir ons 'n toevlug. Sela

Psalm 62:2-9

Vir verdere nabetragting:

- Hoe verstaan jy die rus wat Jesus aan diegene bied wat na Hom toe kom?
- Kan jy aan praktiese maniere dink waarop jy rus by Jesus kan vind? Is daar dalk enige laste wat jy voor Hom kan lê?
- Kan jy 'n besluit neem om rustig op God te wag? Is daar dinge wat dit moeilik maak om rustig op Hom te wag?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Gedagtes

Die manier waarop 'n persoon dink, beïnvloed noodwendig sy of haar woorde en optrede, daarom maan die Woord van God ons om te waak oor ons gedagtes.

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Romeine 12:2

Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.

Filippense 4:8

Vir verdere nabetragting:

- Hoe kan jy God toelaat om jou gedagtes te verander?
- Kan jy aan praktiese maniere dink om jou gedagtes te fokus op "alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is"?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Handves vir versorgers

Die volgende Skrifgedeelte kan as 'n handves vir versorgers beskou word.

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Kolossense 3:12-17

Vir verdere nabetragting:

- Sou jy saamstem dat hierdie gedeelte as 'n handves vir versorgers beskou kan word? Verduidelik.
- Wat is volgens hierdie gedeelte die belangrikste van alles? Waarom is dit belangriker as enigiets anders?
- Watter uitwerking sal dit op jou lewe en versorgingswerk hê as jy volgens hierdie beginsels leef?

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

_____

Gebed vir versorgers

Die volgende gebed van die apostel Paulus vir die Christene van Efese is baie toepaslik vir versorgers:

Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Efesiërs 1:15-23

Vir verdere nabetragting:

- Watter gebedsversoeke wat in hierdie gedeelte genoem word, is van toepassing op die omstandighede waarin versorgers hulle bevind?
- Vra iemand om elke dag vir jou te bid met hierdie gebed as riglyn.

Persoonlike aantekeninge:

_____

_____

Liefde bo alles

Een van die belangrikste onderwerpe in die Nuwe Testament is die liefde. Aangesien versorgingswerk 'n oormaat liefde vereis, is dit belangrik om te let op wat die Woord van God hieroor sê.

Al praat ek die tale van mense
    en engele,
maar ek het geen liefde nie,
    het ek 'n stuk klinkende metaal,
    'n galmende simbaal geword.
Al het ek die gawe van profesie
en ken ek al die geheimenisse
en besit ek al die kennis,
en al het ek al die geloof
    om berge te versit,
maar ek het geen liefde nie,
    dan is ek niks.
Al deel ek al wat ek het
    aan ander uit,
en al gee ek my liggaam prys
    om my daarop te kan beroem,
maar ek het geen liefde nie,
    baat dit my niks.

Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik;
    dit is nie afgunstig nie,
    is nie grootpraterig nie,
    is nie verwaand nie.
Dit handel nie onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie belang nie,
is nie liggeraak nie,
    hou nie boek van die kwaad nie.
Dit verbly hom nie oor onreg nie,
maar verheug hom oor die waarheid.
Dit bedek alles,
glo alles,

hoop alles,
verdra alles.

Die liefde vergaan nooit nie,
maar die gawe
van profesie sal verdwyn,
die gawe
om ongewone tale en klanke te gebruik,
    sal ophou,
en dié van kennis
    sal uitgedien raak.
Want ons ken maar gedeeltelik,
en ons profeteer
    maar gedeeltelik,
maar wanneer die volledige kom,
sal wat gedeeltelik is,
    uitgedien wees.
Toe ek 'n kind was,
het ek gepraat soos 'n kind,
    gedink soos 'n kind,
    geredeneer soos 'n kind.
Maar noudat ek 'n man is,
is ek klaar met die dinge van 'n kind.

Nou kyk ons nog
in 'n dowwe spieël
    en sien 'n raaiselagtige beeld,
maar eendag sal ons alles sien
    soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken
    soos God my ten volle ken.

En nou:
geloof, hoop en liefde bly,
    hierdie drie.
En die grootste hiervan is
die liefde!

1 Korintiërs 13

Vir verdere nabetragting:

- Hoekom dink jy speel die liefde so ’n sentrale rol in die Bybel?
- Noem verskillende maniere waarop hierdie beskrywing van die liefde verskil van die opvatting wat die samelewing oor die liefde het. Op watter manier is jou begrip hiervan belangrik in jou versorgingswerk?
- Watter aspekte van die liefde moet voorrang geniet in jou versorgingswerk? Kan jy aan praktiese maniere dink om dit toe te pas?

Persoonlike aantekeninge:

Blik op die ewigheid

Die hoop wat die Woord van God ons bied, verskil van enige ander hoop omdat dit ewig is. As versorgers moet ons ons werk in 'n ewigheidslig sien om die ware betekenis daarvan te begryp.

Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."

En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."

Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees."

Openbaring 21:1-7

Vir verdere nabetragting:

- Wat beteken jou versorgingswerk vir jou in die lig van 'n ewigheidsvisie? Afgesien van die onmiddellike voordeel wat dit inhou vir dié wat ly, wat bied jou sorg in terme van die ewigheid?
- Watter hoop bied hierdie gedeelte aan versorgers sowel as aan dié wat versorg word?
- Kan jy aan praktiese maniere dink om hierdie hoop 'n groter werklikheid te maak vir diegene wat in jou sorg is?

Persoonlike aantekeninge

Persoonlike aantekeninge

Persoonlike aantekeninge